

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 229

(Geen datum)

Jy bid — God verhoor

* * * * *

"Verhef oor ons die lig van u aangesig, o Here!"

(Psalm 4:7)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Tot wie bid jy?

Op wie hoop jy?

Tot wie bid jy?

Miskien dink jy dit staan op God se pligstaat dat Hy jou gebed moet verhoor.

Miskien is jy nog kwaad en teleurgesteld oor gebede wat volgens jou nie verhoor is nie.

Dit is nie maar net vanselfsprekend dat God jou gebede moet verhoor nie. Daarom smee selfs Sy kinders Hom om hulle te verhoor, **MAAR** omdat hulle op vaste grond staan, smee hulle dit met vertroue. Die Here self gee ons rede om tot Hom te smee. Dit gaan nie oor wie jy is nie, maar oor wie God is.

Die Psalmidigter van Psalm 4 begin so treffend met sy gebed:

"AS EK ROEP, VERHOOR MY, O GOD VAN MY GERECHTIGHEID! IN BENOUDEHEID HET U VIR MY RUIMTE GEMAAK; WEES MY GENADIG EN HOOR MY GEBED!"

Hoekom verwag die skrywer dat God sy gebed sal verhoor? In kort: Op grond van God se genade en gerechtigheid pleit hy dat sy gebed verhoor word. Hy spreek God aan as "*God van my gerechtigheid*" en pleit "*wees my genadig*".

Hoe kan God se gerechtigheid vir ons onvolmaakte woorde en begeertes die oor oopmaak? Gerechtigheid kan tog nie die sonde verdra nie. Daarom moet ons weet: God is genadig en regverdig. In God se wese en volgens God se werkswyse, is genade en gerechtigheid nie 'n teenstelling nie. Genade en gerechtigheid tesaam beteken 'n gerechtigheid wat herstellend inwerk. In Psalm 89:17b lees ons "deur U gerechtigheid word hulle (God se volk) verhef". God se gerechtigheid straf nie maar alleen nie — God se gerechtigheid tel ons ook op uit ellendes.

Daarom kan ons dit beaam wanneer Dawid bely. "God van my gerechtigheid."

Net in God se genade alleen kan ek vergifnis van sonde ontvang. Hy is die God van my vergewing van sondes.

In Christus word ek beskou as gereinig.

Hoe duidelik sien ons dit nie saamtrek in die werk van Jesus Christus nie. Hy betaal as Onskuldige die skuld van ons sonde en voldoen aan die eis van God se gerechtigheid.

Skuldenaars wat so vrygespreek word, word God se kinders. God verhoor Sy kinders soos 'n Vader sy kinders aanhoor. Hy luister nie omdat Hy MOET nie — maar omdat Hy in Sy genade dit WIL. Hy luister om ons saam met alles te herstel tot 'n nuwe hemel en aarde. Deur ons gebede kom stig Hy Sy koninkryk van gerechtigheid.

Omhels jy ook Sy genade in Christus? So word jy ook kind van God. Dan roep jy ook God aan as Vader. Wie Vader sê, is tog kind.

Dan geld die belofte van Christus ook vir jou, as kind van God:

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee." (Johannes 16:23.)

P. A. Odendaal.

Nietigheid teenoor nuttigheid

Psalm 4:3

Wat is in die lewe belangrik, en wat is nie?

U sal in u eie lewe baie dinge kan opnoem wat volgens u, baie belangrik is.

Daar is in u eie lewe gesondheid, die lewe van u familie en huisgenote.

U kan selfs dinge opnoem soos, geleerdheid, verstand, voorspoed, vrede, en selfs rykdom.

Maar het u al gedink dat baie van die dinge wat u en ek as belangrik beskou, tog nietig is.

Nietig omdat dit van verbygaande aard is.

Nietig omdat dit juis op daardie stadium mode is.

Nietig omdat dit iets is waarsonder jy regtig kan klaar kom.

Kom ons kyk wat sê Dawid in Ps 4:3 wat is nie nietig nie, maar NUTTIG. Hy noem die leuen iets wat nietig is. Die teenoorgestelde daarvan is die waarheid.

Waarheid teenoor leuen. Nuttigheid teenoor nietigheid.

Die waarheid is nie alleen iemand wat nooit 'n leuen vertel nie. Waarheid is DIÉ eienskap van God.

Jesus Christus sê: "Ek is die weg en die waarheid."

As Jesus sê dat Hy die waarheid is, dan sien ons dat waarheid iets meer is as net die teenoorgestelde van die leuen. Waarheid beteken dus dat dit wat voor God reg is, juis die waarheid is.

Die waarheid is wat Christus het, dit is om alles te weet en voor Sy Vader reg en regverdig te wees.

Daarteenoor is die duiwel nie reg voor God nie, maar hy is die draer van die leuen. Die duiwel het vir Adam en Eva gelieg om te sê dat hulle net soos God sal wees. Die duiwel lieg vandag nog, ook vir u as hy u wil laat sondig.

Glo u in die waarheid — dan glo u in Jesus Christus en het u nie die nietigheid lief nie.

Glo u in die leuen — dan glo u die duiwel en het u die nietigheid lief.

Ons het deesdae so baie moeilikheid om te onderskei tussen wat waarheid en wat leuen is.

Dink net aan al die sake in 'n hof. Hoeveel is waarheid en hoeveel is leuens.

Dink maar net wat word alles in die koerante geskrywe — wat kan u en ek werklik glo en wat nie!

Dink aan al die reg en verkeerd in die wêreld.

Dink aan al die probleme binne die huwelik, kinderopvoeding, huisgesin, skole, die staat — so kan u dit self opnoem.

Hoekom sê Dawid — "die nietigheid liefhê, die leuen soek" — waarom verbind hy nietigheid en leuen met mekaar?

Eendag wanneer alles verby is, sal die leuen saam met die duiwel en almal wat daarin geglo het, verwerp word. Dan sal die nietigheid van die leuen — soos nou reeds — finaal bewys word. Dan sal die leuen vergaan, en sal alles wat die leuen aanhang tot niet gaan.

Daarteenoor sal die waarheid seëvier.

Die waarheid — Jesus Christus — is Koning.

Hy leef vir ewig en sal tot op die laaste dag die waarheid bevestig.

Soek u na waarheid?

Weet u wat is werklik waarheid?

Die Woord van God is waarheid.

Die Bybel is die waarheid.

Glo u in Jesus die Waarheid, Sy Woord is die Waarheid.

Ds. L. H. van Schaik.

Vertrou op die Here!

Nêrens in Sy Woord het die Here aan Sy gelowiges 'n sorgvrye en kommerlose bestaan op aarde belowe nie.

Die Bybel wys dikwels op die versoeking, die verdrukking en selfs vervolging, tugtiging en kastyding waaraan die kinders van die Here in hierdie wêreld onderworpe is.

Die Here verseker elkeen wat aan Hom behoort, wel van 'n gewisse en behoue tuiskoms.

Die eindbestemming van hulle lewenspad is gewaarborg, maar op pad daarheen is daar talle hindernisse en struikelblokke en pogings van die Satan om ons te laat struikel en val.

Só het die digter van Ps 4 dit ook ondervind.

In hierdie Psalm, wat in samehang met die vorige een gelees moet word, verwoord die digter die uiterste onrus, kwelling en benoudheid wat in sy hart leef MAAR tegelyk ook die vertrou, rus en vrede wat hy vind in die nabyheid van die Here; die geborgenheid in die wete dat hy kan staatmaak op die beloftes en die toesegginge van God in die donkerste omstandighede.

Die boodskap van hierdie twee liedere spreek ons aan in 'n wêreld vol spanning en onsekerheid waarin ons leef.

Ons ken die spanninge op die wêreldtoneel, en in ons eie land:

- die spanninge in ons gemeenskap-; gesins- en persoonlike lewens;
- die onsekerheid en kommer oor 'n wisselvallige toekoms;
- die eensame tye en donker lydensnagte van bedreiging en vertwyfeling wat onafwendbaar op ons lewenspad kom.

Die Here het nie aan sy kinders 'n kommervrye lewe beloof nie. Trouens, die stryd van die gelowige op aarde is dikwels juis swaarder, en sy beproewinge feller en hewiger as die van die ongelowige, omdat hy gelouter en gereed gemaak moet vir die ewige lewe.

Die vraag is egter hoe ons met die sorg en swaarkry van hierdie lewe moet omgaan?

- Is ons bevrees en beangs en sonder hoop in die wêreld?
- Of glo ons waarlik dat daar bokant al die spanninge van hierdie wêreld 'n heilige en regverdige God is wat Hom in Sy almag en wysheid en goedheid openbaar?
- Wat sy kinders bystaan en ondersteun en versterk;
- Wat die lig van die ewigheid laat skyn oor al ons lewensprobleme;

- En wat ewige sekerheid skenk teenoor alle menslike vertwyfeling? Hierdie les moet ons by die digter Dawid leer:
- In sy beproewende omstandighede het sy Godsvertroue stand gehou;
- In sy geloofsworsteling het hy by God skuiling gevind. Hy sê: "In my benoudheid het U vir my ruimte gemaak!" "Toe ek in die nood was, het U my bevry."

"U alleen laat my in veiligheid woon."

Deur vertrouensvolle gebedsoorgawe kom ons tot die sekerheid dat ons in ons stryd nie alleen staan nie;

- dat God met ons is en vir ons stry.
- en dat die oorwinning in Christus gewaarborg is.

En dan skep ons nuwe moed, dan gaan ons met nuwe ywer voort, dan sien ons weer kans vir die stryd. Dan sê ons: "Met my God gaan ek 'n leërskaer tegemoet!"

Ds. Pieter van der Walt.

Waar staan jy?

Vriend, waarheen is jy op pad?

Hierop kan jy alleen 'n sinvolle antwoord gee as jy weet hoe die lewe werklik daar uitsien.

Jy sal met my saamstem dat ander mense se lewe, die koers en pad wat jy in die lewe volg, bïnvloed. Dit is mos so — as die meerderheid mense op 'n sekere wyse begin lewe en dinge doen, begin jy ook naderhand so te lewe en dinge op dieselfde wyse te doen.

Jy voel dit seker onmiddellik aan: dis gevaarlik! So kan jy in die lewe op die verkeerde pad beland. So kan jy die verkeerde koers inslaan! Nou verstaan jy seker waarom dit nodig is dat jy die lewe in perspektief moet sien.

Kom ons gaan kyk nou saam deur die bril van die Bybel na die lewe. Sien jy ook wat ek sien? Kom ons kyk weer. Ja die lewe staan op sy kop!

- alles is onderstebo
- deurmekaar
- donker
- verrot deur die sonde

Die lewe wat deur God mooi, goed en volmaak geskep is, het deur die sonde lelik geword. Kyk weer 'n bietjie mooi na wat jy sien.

- Mense is bereid om hulle siele vir RAND en SENT te verkoop.

Gaan lees maar net jou koerante en kyk hoedat korrupsie, omkoperij en bedrog aan die orde van die dag is.

- 'n Mens se lewe is vandag byna nie meer 'n sent werd nie.

Onskuldige mense sterf deur bomontploffings; weerlose bejaardes word wreed om die lewe gebring; klein kindertjies word deur hul ouers vermoor en mishandel.

- Die sedelike lewe van die mens is besig om van kwaad na erger te gaan.

Eers het die talle buite-egtelike verhoudings 'n mens geruk. Later was dit die toenemende homoseksualisme en lesbianisme. Vandag is dit die seksuele molestering van kinders.

Dit is hoe die lewe daar uitsien:

- dit is seks en moord en seksmoorde
- die bande met die kerk word afgesny
- die mens is besig om al verder en verder van God af weg te dryf.

Nou wil ek jou vra: In hoe 'n mate is jy al deur al hierdie dinge beïnvloed?

- het jy nie ook al jou siel ingeruil vir aardse goed nie?
- is jy nie ook al deur die sedelose draaikolk ingesuig nie?
- het jy nie ook al die gebed, die kerk en jou God verloor nie?

Waar staan jy?

As jy na jouself kyk: Wat sien jy?

En nou my vriend, as jy jouself deur die bril van God se Woord gesien het — wat nou?

Nou wil ek jou die blye boodskap van die Evangelie bring. God het sy Seun Jesus Christus in die onderstebo wêreld ingestuur om dit weer op sy voete te sit. Maar dit het Hom Sy lewe gekos. Hy moes in 'n graf begrawe word en uit die graf opstaan om die sondige mens se

deurmekaar lewe weer mooi te maak. In Jesus Christus kan jy deur die Heilige Gees die nuwe lewe leef!

My vriend, dink jy nie jy moet maar weer op jou knieë kom en bid nie? Dink jy nie jy moet maar weer die pad na die kerk terugvind nie?

Laat dit jou lewe positief beïnvloed.

Ds. C. S. Grobler

Is vreugde onbesorgdheid?

Een van die heerlikste menslike emosies is om BLY te wees. Om vol vreugde te wees!

Ja, wat is heerliker as om te lag en te skerts . . . ag, om sommer net vol vreugde te wees! Maar helaas — so gou en so skielik kan ons vreugde weer verdwyn. Vreugde is selde blywend.

Of is dit?

Die mens van vandag — jy en ek — het altyd iets nodig om ons bly te maak, nie waar nie?

- gesondheid
- 'n lekker vakansie
- 'n gelukkige huwelik
- 'n kind wat presteer
- baie geld . . . eet en drink . . .

Maar spoedig word hierdie iets vergeet . . . dis verby . . . en na die lag kom die traan.

En dan sê Dawid in Psalm 4:8 dat slegs die **HERE** en Sy genade en Sy liefde . . . dáárdie iets is wat **BLYWENDE VREUGDE** kan gee.

God gee groter vreugde . . .

- as vol skure na die oes
- as eet en drink
- as enige iets wat ons op aarde bly kan maak.

Want aardse vreugde gaan verby en is nie blywend nie, maar die vreugde in God, die vreugde van Christen-wees . . . van gelowig-wees, bly vir ewig en altyd!

Daarby is dit groter vreugde en heerliker vreugde. Vreugde wat niks en niemand van jou kan wegneem nie!

Aardse vreugde daarenteen is so oppervlakkig. Dit kan selfs in sonde ontaard, sodat die kwelling van jou gewete en die skuldbesef daarna, die vreugde oorskadu en vernietig. Daarom die oproep van Dawid: Soek jou vreugde by God.

Jy sal dit vind in die Bybel . . .

Jy sal dit vind in die kerk . . .

Jy sal dit vind op jou knieë in gebed.

Want dan lees jy en hoor jy en bevestig die Heilige Gees dit aan jou:

Vreugde, groter vreugde is daar nié, as om te weet dat jy in Jesus Christus vrygekoop is nie - verlos van jou sonde.

In Hom het jy die waarborg van 'n ewige saligheid.

En as Dawid dit besef, dan is sy hartseer, bekommernis en kwelling weg. Dan gaan lê hy en slaap . . . **ONBESORG EN VEILIG!** (Ps 4:9)

Want hy vertrou God!

DUS: natúúrlik is vreugde onbesorg, maar alleenlik dié vreugde wat in Christus te vind is.

Is jou hart vol kwelling en vrae?

Is jy verbitterd en boos?

Is jy hartseer en vreugdeloos?

Die antwoord is: **JESUS CHRISTUS!**

Groter vreugde . . . blywender vreugde as **JESUS CHRISTUS**, is daar **NIE**.

Plaas jou bekommernis op Hóm, want Hy sorg vir jou!

En jy sal uitvind watter vreugde dit is om 'n kind van God te wees!

Dis 'n onbesorgde vreugde!

Ds. Nico Ligthelm.